47/88

Bib.

354/87

N v H

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
BIBLIOTEEK
1988 -05- 17
LIBRARY
REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

ZAIN LEWIS en DIE STAAT

SMALBERGER, AR -

354/87

N v H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

ZAIN LEWIS — Appellant

en

DIE STAAT — Respondent

CORAM: VAN HEERDEN, SMALBERGER, ARR, *et* VILJOEN, Wn AR

VERHOORDATUM: 9 MEI 1988

LEWERINGSDATUM: 17 MEI 1988

---

## U I T S P R A A K

SMALBERGER, AR :-

Die appellant (beskuldigde 1), wat saam met twee medebeskuldigdes (beskuldigdes 2 en 3) aangekla is, is /............

is, is in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling deur NEL, R en twee assessore op klagtes van moord, roof en poging tot roof skuldig bevind. By ontstentenis van versagtende omstandighede is hy op die moordaanklag die doodstraf opgelê; ten opsigte van die ander skuldig=bevindings is hy tydperke van gevangenisstraf opgelê. Met verlof van die hof a quo kom die appellant in hoër beroep slegs teen die bevinding van afwesigheid van ver=sagtende omstandighede, en die opgelegde doodstraf wat dié bevinding ten gevolge gehad het.

Die appellant se skuldigbevindings spruit voort uit gebeure wat op 6 Julie 1985 naby die Heideveld-spoorwegstasie in die distrik Wynberg plaasgevind het.

Die / ...............

Die verhoorhof het die volgende feite as bewese gevind.

Om ongeveer 12h30 die betrokke dag het vier Swartmans, onder wie die oorledene (Philipol Mthetheleli Kibito), na 'n winkel bekend as Ocee Stores gegaan om inkopies te doen. Toe hulle die winkel verlaat, is hulle deur die appellant en beskuldigde 2, wat albei met messe gewapen was, gekon= fronteer. Dit was blykbaar die bedoeling van die appellant en beskuldigde 2 om die oorledene en sy metgeselle te beroof. Die vier Swartmans het oor die pad voor die winkel agteruitbeweeg. Die oorledene het oor die randsteen ge= struikel en geval. Terwyl hy weerloos op die grond gelê het, is hy herhaaldelik deur die appellant en beskuldigde 2 gesteek. Hy is altesame sewe steekwonde toegedien. Een

daarvan / ...

daarvan het sy hart binnegedring, en sy dood veroorsaak. Dit is gemene saak dat die dodelike wond deur die appellant toegedien is. Die appellant en beskuldigde 2 sou waarskyn=lik met die aanval op die oorledene voortgegaan het as ene Leonard May nie tussenbeide getree het en hulle verhinder het om die oorledene verder aan te rand nie.

Skaars 'n halfuur later het die appellant ene Darin Murtz, 'n groentesmous, van R20-00 beroof. Hy het 'n R20-00 noot uit Murtz se hand geruk, en toe Murtz sy geld terugvra, het die appellant hom met 'n mes gedreig. Beskuldigdes 2 en 3 het bystand aan die appellant kom verleen, en Murtz het in sy voertuig gaan skuiling soek. Daar is hy deur die appellant en beskuldigde 3 met messe geterrori=

seer / ...........

seer. Die appellant het die volgende persoon wat verby= gekom het met 'n mes probeer voorkeer, maar dié persoon het daarin geslaag om te ontvlug. Kort daarna het ene Moneeb Dreyer op die toneel verskyn. Die appellant het hom van agter vasgegryp, en terselfdetyd het hy 'n mes in sy regter= bors ingedruk. Met die mes steeds in sy bors, het die appellant met Dreyer aangestap gekom terwyl hy sy linker= broeksak deurvoel het. Murtz het Dreyer te hulp gesnel, maar is deur beskuldigdes 2 en 3 verdryf. Hy het wel later daarin geslaag om die beseerde Dreyer in sy voertuig op te laai en van die toneel te verwyder. Dit blyk uit die getuienis dat tydens die gebeure waarna reeds verwys is, die appellant deurgaans berekend en koelbloedig opgetree het.

Die / ...........

Die appellant was 18 jaar en 20 dae oud ten tyde van die pleging van die betrokke misdade. 'n Welsyns=verslag is aan die verhoorhof voorgelê alvorens dit oor die aanwesigheid al dan nie van versagtende omstandighede beslis het. In dié verslag is daar behandel, onder andere, die appellant se sosio-kulturele agtergrond en omstandighede, sy skool- en werksgeskiedenis, asook sy gedrag en leefwyse. Dit kan geredelik aanvaar word dat die verhoorhof gedagtig was aan wat in die welsynsverslag bevat is, en rekening gehou het met die appellant se jeugdigheid. Desondanks het die verhoorhof bevind dat daar geen versagtende omstan=dighede was nie, en wel om die volgende redes soos uiteenge=sit in die verhoorhof se uitspraak:-

"Daar is geen getuienis dat drank enige invloed gehad het nie. Daar was geen getuienis dat beskuldigde 1 onder die invloed van enige ander persoon opgetree het nie. Hy self het dit nie gesê nie. Daar is geen getuienis dat sy huislike omstandighede 'n effek op sy gemoed gehad het nie. Hy het na eie keuse gemeng met ongure elemente. Hy het 'n leidende rol gespeel in die voorval wat tot die oorledene se dood gelei het asook in die misdade kort daarna ge= pleeg. Die aanval op die oorledene was nie 'n onbesonne daad op die ingewing van die oom= blik nie. Dit was gepleeg in die uitoefening van 'n poging om 'n onskuldige persoon wat sy inkopies kom doen het, te beroof. Hy was fisies verhoed om voort te gaan met die aanval op die oorledene. Indien dit 'n onbesonne daad was gepleeg op die ingewing van die oomblik, sou hy nie kort daarna weer voortgegaan het om ander onskuldige persone te probeer beroof en weer sy mes gebruik het nie. Van berou is daar geen sprake nie. As persoon het hy nie in die Hof die indruk van onvolwassenheid geskep nie en 'n waarskynlikheid van beïnvloed= ing van sy gemoed deur andere om hierdie misdaad te pleeg, bestaan ook nie. Die opsweping van

emosies / ............

> emosies deur 'n bende of groep het ook nie bestaan nie. Sy optrede na hierdie voorval dui ook daarop dat hy nie die aanranding op die oorledene gepleeg het as gevolg van jeugdige onvolwassenheid nie, maar uit inherente boosheid."

Op appèl is daar betoog dat die verhoorhof nie voldoende ag op die appellant se jeugdigheid en die inhoud van die welsynsverslag geslaan het nie. Ek stem nie saam nie. Die verhoorhof het die appellant se jeug= digheid in behoorlike perspektief gesien. Dit is nie soseer jeugdigheid alleen nie, maar onvolwassenheid wat gewoonlik daarmee gepaard gaan, wat sterk na vore tree as 'n versagtende omstandigheid. In die onderhawige geval het die verhoorhof noukeurig gelet op tersaaklike aspekte rakende die vraag of die appellant se optrede toe te skryf

was aan onvolwassenheid aan sy kant. In iedere geval is daar bevind dat hy uit inherente boosheid gehandel het. Gesien die omstandighede rakende die oorledene se dood, en die appellant se latere optrede, was die verhoorhof geregtig om tot so 'n gevolgtrekking te kom. Die inhoud van die welsynsverslag doen nie afbreuk daaraan nie.

Myns insiens het die verhoorhof geen mis= tasting begaan nie, en die bevinding waartoe gekom is, is sekerlik nie een waartoe geen redelike hof kon gekom het nie. Gevolglik bestaan daar geen grondslag vir inmenging met die verhoorhof se bevinding nie.

Die appèl word van die hand gewys.

J W SMALBERGER
APPèLREGTER

VAN HEERDEN , AR )
VILJOEN, Wn AR ) STEM SAAM